# GEESTELIKE OORLOGVOERING



Danie Nell

# GEESTELIKE OORLOGVOERING


- **Ons is in ‘n geestelike oorlog betrokke (3)**
- **Waar kom die duiwel vandaan? (4)**
- **Ons stryd is teen “bose geeste” – nie Mense nie. (6)**
- **Wat is ons wapens? (10)**
- **As ek versoek word, wat dan? (12)**
- **Gees, Siel en Liggaam (16)**
- **Hoe kan ek bevry word van die werke van die vlees? (18)**
- **Hoe sal ons weet dat iemand bevryding nodig het van ‘n demoniese gees? (21)**



**Past. Danie Nell**
**Posbus 1282,**
**Jeffreysbaai**
**6330**

**dnell@inetcom.co.za**

# ONS IS IN ‘N GEESTELIKE OORLOG BETROKKE.

**Efesiërs 6:11-12**: “ trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersters van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug”

Die Griekse woord wat hier as “liste” vertaal word nl. “Metodeia” beteken: “metodes” van die duiwel.

Dank God ons is nie onbekend met die planne en metodes van die duiwel nie. In 2 Kor. 2:10,11 sê Paulus “sodat ons nie deur die Satan bedrieg sou word nie; want ons is met sy planne nie onbekend nie”.

EFESIëRS IS ‘N WONDERLIKE BOEK:

a) Ef. 1,2,3: Sê wat ons posisie in Christus is!
b) Ef. 4,5,6:9: Sê hoe ek moet wandel in Christus Lees ook die deel in Ef. 4:1,17.
c) Terwyl die voorafgaande waar is moet ek my stand neem teen die duiwel met die volle wapenrusting van God! Want ek is in ‘n Geestelike Oorlog betrokke – Ef. 6:10-20.

Onthou een ding: Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie! Die probleem is nie jou man, vrou, werkgewer, buurman, kerk of predikant nie – maar die duiwel! Ons veg teen ons medegelowige terwyl die duiwel staan en lag. Waar mense jou terleurstel, seermaak, moet jy eers besef dat die geveg “in die lug” is en nie in die vlees nie. Die geveg moet eers in gebed gewen word voordat jy die persoon sou aanspreek!

## IDENTIFISEER JOU VYAND

- Die duiwel is die vader van die leuens. Joh. 8:44
- Die duiwel lis ‘n dief. Joh. 10:10. Hy steel ons gesondheid; karakter en ons blydskap in die Here.
- Die duiwel doen hom voor soos ‘n engel van die lig. 2 Kor. 11:14
- Die duiwel is ‘n teenstander. 1Pet.5:8; 1 Thes. 2:18; 2 Kor. 4:3,4

- Die duiwel is ‘n versoeker.  1 Thes. 3:5
- Die duiwel is ‘n verleier.  2 Kor. 11:3; 1 Kor. 21:1-8
- Die duiwel word genoem die god van hierdie wêreld.
  2 Kor.4:4  (Geen wonder dat  die goddelose mense baie aardse skatte besit nie).
- Die duiwel is die prins van die lug.  Ef. 4:27
- Die duiwel is ‘n aanklaer!
  Hy kla God aan – Gen. 3:1
  Hy kla ons by God aan – Job. 1:6-12; Job. 2:1-5; Op. 12:9-10

## WAAR KOM DIE DUIWEL VANDAAN?

Hy was ‘n pragtige engel by die naam Lucifer wat hom bokant God wou verhef het, en is toe deur God uit die hemel neergewerp.
Jes. 14:11-15; Eseg. 28:12-19; Op.12:3-9

**DANK GOD VIR DIE VOLGENDE:**

1. Die duiwels is hatig en jaloers op mekaar – Dit is tot ons voordeel.

2. Die duiwel is nie alomteenwoordig nie.

3. Hy kan nie doodmaak soos hy wil nie.  Met Jesus se opstanding is die duiwel se mag hom ontneem.
   (Ef. 4:8-10; Kol. 2:13-15; Matt. 22:18)

   Daarom kon Jesus uitroep in:
   Op. 1:17,18:”Moenie vrees nie;  Ek is die eerste en die laaste en die lewende en Ek was dood en kyk, Ek leef in alle ewigheid.
   Amen.  En Ek het die sleutels van die doderyk en van die dood”

   Jesus sal mos nooit Sy sleutels vir die duiwel gee nie!

<u>DIE WêRELD BESTAAN NIE NET UIT DIE DINGE WAT JY KAN AANRAAK EN SIEN NIE.</u>

OM ONS IS DAAR 'N ONSIGBARE WêRELD.

1. Die lug is vol TV en RADIO Programme – met die regte apparaat kan ons dit sien en hoor.
2. Het jy al deur 'n mikroskoop gekyk na die water wat jy elke dag drink – Wat sien jy?
3. Om ons is Engele. Daar is geweldig baie Engele.
   Dan. 7:10; Matt. 26:53; Luk. 2:13; Heb. 12:22.

   **Van jou geboorte af het jy 'n engel by jou.**
   Matt. 18:10 "Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is".

   **God se Engele help ons in Geestelike Oorlogvoering.**
   2 Kon. 6:17 " En Elisa het gebid en gesê: Here, open tog sy oë, dat hy kan sien. En die Here het die oë van sy dienaar ageopen, dat hy kon sien, en meteens was die berg vol perde en waens van vuur rondom Elisa".

   **Migael is die Hoof van die gevegsengele.**
   Dan. 10:12,13; Dan. 12:11; Judas vers 9

<u>HET JY GEWEET DAT VORSTE VAN SATAN AANGESTEL WORD OOR DORPE EN STEDE?</u>

Dan. 10:10-21 In vers 12 &13 sê Engel Gabriel vir Daniël dat sy gebed al 21 dae tevore gehoor is in die hemel, maar dat die duiwel se vors wat aangestel was deur Satan oor die Koninkryk van Perse hom al die tyd teengestaan het. Migael, die Gevegsgeneraal onder die Engele, het hom gehelp om met die boodskap deur te kom na Daniël

Gabriël het vir Daniël gesê dat hy weer sal moet veg teen die vors van die Perse en daarna die vors van Griekeland. Dan. 10:20.

**Dit skyn asof die Satan self oor Tirus geregeer het.**
Lees: Eseg. 28:1-19; asook Jes. 14:11-15 dan vind ons ‘n baie duidelike beskrywing van die satan wat himself bokant God wou verhef het.
Geen wonder dat God hom uit die hemel gegooi het nie! Ons lees daarvan in Open. 12:7-9.

## HOEKOM WEN ONS NIE ONS GEESTELIKE OORLOë NIE?

Omdat daar ‘n Agan in die laer is! **Josua 7**

Die duiwel lag ons uit as ons teen hom wil veg met sonde in ons lewens. As ons wil oorwin sal ons heiligmaking moet nastreef.

## ONS STRYD IS TEEN “BOSE GEESTE” – NIE MENSE NIE.

1. **DIE MEESTE SIEKTE IS ‘N GEES**. Luk. 13:10-17

   Hoe baie keer dokter ons die liggaam, terwyl die gees van die mens eintlik die genesing nodig het.

   KOM ONS KYK NA VERS 11 IN HIERDIE SKRIFGEDEELTE:

   Ander vertalings stel dit soos volg:
   **Die Lewende Bybel:**
   “ In die Sinagoge was data ‘n vrou in wie daar al agtien jaar lank ‘n Bose Gees was wat haar siek gemaak het. Haar rug was heeltemal krom getrek sodat sy nie meer orent kon kom nie”

   **Amplified Bible:**
   “And there was a woman there who for eighteen years had had an infirmity caused by a spirit (a demon of sickness). She was bent completely forward and utterly unable to straighten herself or to look upward”

Dit is treffend om te sien dat hierdie vrou in die kerk was vir agttien jaar en tog was sy gebind.
Is daar nie ook talle vandag binne die kerk, ja tussen ons, en tog is hulle gebind. Kom ons maak hul vry in Jesus se Naam.

2. **VREES <u>KAN</u> ‘N GEES WEES**.

**2 Tim. 1:7** “Want God het ons nie ‘n gees van vreesagtigheid gegeen ie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.”

**Dank God ook vir 1 Joh. 4:18** “Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie”.

ONS OORWIN VREES OMDAT GOD ONS DIE HEILIGE GEES GEGEE HET EN DEURDAT SY LIEFDE VREES UITDRYF

3. **LEUENS <u>IS</u> ‘N GEES**

1Kon. 22:19-23 – Ses keer word daar melding in die Bybel gemaak van ‘n leuen-gees! Is jy verbaas dat mense vandag die leuen glo? Lees 2 Thes. 2:9-12.

Joh. 8:44 “Julle het die duiwel as vader, en die begeertes van julle vader, wil julle doen., Hy was’n mense-moordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan”.

**4. ONSEDELIKHEID IS ‘N GEES**

Luk. 4:33-35 – Alle demone is tog sekerlik onrein. Maar die rede waarom verwys word na ‘n onreine gees in hierdie man is omdat dit ‘n onsedelike gees was. Ook hierdie man was in die kerk net soos die vrou in Luk. 13.

Om te dink dat daar wel mense in die kerk sit wat ‘n gees van onsedelikheid het, en niemand help hulle nie.

Die duiwel is teen die huwelik omdat God dit ingestel het. Daarom is daar vandag so baie egskeidings; en sogenaamde "vrye liefde" (mense wat saamwoon).
Lesbianisme en Homosexualisme neem by die dag toe. Die eerste is vroue wat seksueel saam verkeer en tweede is mans wat dit doen!
Dit is voorwaar 'n gees van onsedelikheid wat die mens bring by 'n toestand soos beskryf in **Rom. 1:26,27.**

**Waar kom hierdie sonde, wat ook sodomie genoem word, vandaan? Lees Gen 19:4-11.**

Die manne van Sodom wou twee engele onsedelik aanrand. Lot wou die engele beskerm en bied sy twee dogters aan hulle. Die manne het egter niks belang gestel in Lot se dogters nie, maar wou hierdie vreemde manne gehad het, naamlik God se engele. Geen onder dat God hul tref met Sy oordeel nie.

**ANDER SKRIFTE OOR HIERDIE SONDE IS**

Lev. 20:13; Deut.23:17; 1 Kon. 14:24; 1 Kon. 22:24,47; 2 Kon.23:7 (Die Bybel noem hul ook skandseuns)

Is daar verlossing? O ja, van die Korinthiërs was slawe van hierdie sonde, maar is bevry deur Jesus se bloed. 1 Kor. 6:9-11.

5. **WAARSEêRY <u>IS</u> 'N GEES**

Lev. 20:27; Hand. 16:16-18. Let daarop dat Paulus nie die vrou aanspreek nie, maar die gees.

6. **ONS LEES IN DIE BYBEL VAN 'N STOMME GEES.**

**Mark. 9:17,18** "En een uit ie skare antwoord en sê: Meester, ek het my seun wat 'n stomme gees het, na U gebring en waar hy hom ook aangryp, skeur hy hom, en hy kners met sy tande en word styf, en ek het u dissipels gevra om hom uit te dryf, en hulle kon nie".

**Matt. 9:32,33** “En terwyl hulle weggaan, bring die mense ‘n stom man wat van die duiwel besete was, na Hom toe. En nadat die duiwel uitgedryf was, het die stomme gepraat. En die skare het hulle verwonder en gesê: So iets is nog nooit in Israel gesien nie!”

Let wel: Dit meen nie almal wat nie kan praat nie “’n bose gees in hulle het nie” Daarom moet ons nie altyd demone uit mense wil dryf nie. Maak eers seker of daar ‘n bose gees teenwoordig is voordat jy dit aanspreek.

7. **REBELSHEID EN HUMEURIGHEID IS ‘N GEES.**

Hoor wat sê die Engelse Bybel van rebelsheid.
**I Sam. 15:23 “For rebellion is as the sin of witchcraft”.**

8. **HOOGMOED IS ‘N GEES.**

Hierdie is die grootste opening vir demoniese invloed in jou en my lewe. Hoogmoed bring alle mense tot ‘n val. Dit is Lucifer tot ‘n val gebring (Jes. 14:13-15)

9. **LOSBANIGHEID IS ‘N GEES.**

Iemand wat losbandig is, is ‘n persoon wat hom steur aan geen reëls en norme nie.
Ons probeer baie keer om losbandigheid met tug onder beheer te plaas terwyl ons dit deur Geestelike Oorlogvoering moet doen. Lees **1 Pet. 4:3-5; Heb. 12:16**

## <u>WAT IS ONS WAPENS?</u>

**Lees met aandag wat Paulus ons leer aangaande die geestelike wapens wat God ons gegee het in <u>2 Korinthiërs 10:3-5</u>**
**MET HIERDIE WAPENS KAN ONS:**

**"Planne verbreek" (v.5)**
"En elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God en elke gedagte gevange neem tot die gehoorsaamheid van Christus"

'n Plan is iets wat nog nie uitgevoer is nie. Ons moet nie wag totdat die duiwel dinge laat plaasvind het nie, maar as ons verneem van sy planne moet ons dit dadelik verbreek.

Mense kom nie tot bekering nie omdat die waarheid van saligheid hul nie bereik nie. Dieselfde geld vir enige ander waarheid. Ons moet daardie skanse afbreek.

**Die Lewende Bybel vertaal 2 Kor. 10:5 soos volg:**
"Met hierdie wapens vernietig ek mense se slim argumente teen God en breek die versperrings af wat mense kan verhinder om in Hom te glo enige vyandige gedagte waarmee mense vorendag kom, onderskep ek en stel ek onder die gesag van Christus sodat elke gedagte ook aan Hom gehoorsaam kan wees".".

**<u>Kyk weer goed na Efesiërs 6:10-18</u>**
Hier word ons wapens duidelike name gegee

1. Waarheid
2. Geregtigheid
3. Bereidheid vir die Evangelie
4. Geloof **Heb. 11:1-6**
5. Verlossing
6. Die Woord van God
   Toe Jesus versoek was deur die duiwel het Hy die Woord gebruik as wapen en oorwin. **Matt. 4**

## <u>ONS HET NOG WAPENS:</u>

***** **Lofprysing – 2 Kron. 20:21-26**

Koning Josafat het die oorlog teen sy vyande gewen nog lank voordat hy by Lofdal gekom het.
Sy Geestelike oorlogvoering het bestaan uit die volgende:
Hy het die afgode uitgeroei en die lofprysers heel voor sy soldate geplaas, om God groot te maak.

* **Vas – Matt. 17:19-21**

***** **Talespraak – 1 Kor. 14:2**

***** **Jesus se Naam – Joh. 14:13,14; Hand. 3:5-8, 16, 4:10; Fil. 2:4-11**

<u>Selfs in die Ou Testament was die Here se Naam ‘n krag teen die vyand!</u>
**Dink aan Dawid.** Hy het Goliat oorwin in die Naam van ie Here deur aan God eer te gee. Ek dink Goliat was dood op sy voete.

* **ONS GETUIENIS EN JESUS SE BLOED. Open. 12:9-11**

# AS EK VERSOEK WORD, WAT DAN??

Baie welnemende Chrisene het net nie al hierdie vraag gevra nie. Baie is onder die indruk dat die duiwel jou adres verloor het wanneer jy jou lewe aan Christus gee! O nee, hoe nader jy aan die Here leef hoe meer sal jy vind dat die duiwel sy pyle op jou sal afskiet. Gelukkig het ons die volle wapenrusting van God ontvang om te oorwin teen die duiwel **(Ef. 6:10-18).**

**ONS STUDIE OOR VERSOEKING NEEM ONS TEN EERSTE NA LUK. 4:1-13, WAAR JESUS VERSOEK WAS.**

En as die duiwel kans gesien het om Jesus te versoek sal hy kans sien ook vir jou. Die Bybel sê: "Daarom wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie" **(1 Kor. 10:12)**
Gelukkig kan ons die duiwel teëstaan **(1 Pet. 5:7,8).**

**KOM ONS KYK IN WATTER TYD IS JESUS VERSOEK** :

Dit was net nadat Jesus gedoop was en die gees op Hom neergedaal het in die Jordaanrivier.
Is dit nie ook u ondervinding nie? Die oomblik nadat jy aan God gehoorsaam was en jou laat doop het, het die versoeker gekom met sy aanvalle.

**Daar is DRIE vlakke van versoeking**
**1 Joh. 2:16**: "Want alles wat in die wêreld is – die begeerlikheid van die vlees en die begeerlikheid van die oë en die grootsheid van die lewe – is nie uit die Vader nie, maar is uit die wêreld".

Volgens **Luk. 4:13,** het die duiwel al drie hierdie tipe versoekings gebruik teen Jesus en 'n tyd lank van Hom gewyk. Hierdie woorde "n tyd lank " vertel aan ons dat die duiwel nie geheel en al pad gegee het om nooit weer met sy versoekings te kom nie.

## KOM ONS KYK NA HIERDIE VLAKKE VAN VERSOEKING

1. **Begeerlikheid van die vlees – so was Jesus ook versoek – Luk. 4:2-4**

   Die duiwel versoek gewoonlik ten eerste die swakste plek in jou lewe. Jesus was na 40 dae honger daarom kom die duiwel met die versoeking dat Jesus van die klippe brood moes maak. Normaalweg sou dit ‘n groot wonder gewees het. Maar indien Jesus in opdrag van die duiwel hierdie wonder gedoen het, sou Hy voor die duiwel gebuig het.

   Die duiwel se aanslag kom dus ook baie keer op die vlees. (Tussen hakies: Om honger te wees is geen sonde nie, maar hoe dit bevredig word is die vraag?)

   Om vleeslike drange te hê is geen sonde nie, maar indien hierdie drange op ‘n verkeerde manier bevredig word, kan dit sonde wees. Ons dink hier aan Esau. Dit was nie verkeerd om honger te word vir lensiesop nie, maar om sy geboortereg te verkoop om dit te verkry, was heeltemal verkeerd.

2. **Die begeerlikheid van die oë – die duiwel versoek ook deur wat ons sien – Luk. 4:5-8** Jesus word versoek deur dit was Hy gesien het. Om te sien is geen sonde nie, maar om te begeer wat ons sien, as dit nie God se wil vir ons is nie.
   Dit is wat in **Gen. 3:6** gebeur het.

3. **Die grootsheid van die lewe.**
   In verse **9** tot **12** gebruik die duiwel God se Woord om Jesus te versoek **(Ps. 91:11,12).**
   Moenie dink die duiwel ken nie die Bybel nie! Leer egter die les by Jesus om die duiwel te oorwin deur te kan sê: “Daar is geskrywe”. Ken dus God se Woord sodat jy dit teen die aanvalle van die duiwel kan gebruik. (Jesus haal **Deut. 6:16** aan).

**WAT KAN MY NOG HELP OM TE OORWIN OOR VERSOEKING?**

1. Wees vol van die Heilige Gees (kyk weer mooi na **Luk. 4:1,14**) Jesus se krag was in die Heilige Gees.

2. Maak seker dat jy jouself bevind op die plek waar God se Gees jou gelei het (vers 1). Baie Keer beweeg ons uit God se wil uit en verloor ons beskerming.

3. Ken God se Woord sodat jy dit kan gebruik.

4. Moenie net hier voor jou vas kyk nie, maar plaas u oë op ‘n doel verdre as dit.

   Dink hier aan Moses **(Heb. 11:24-26).** Josef is nog ‘n voorbeeld (al moes hy vlug en selfs later onskuldig in die tronk beland het). **(Gen 39, 40).**
   Kry ‘n vêrgesig van die heerlikheid wat op jou wag.

**EEN DING MOET ONS DUIDELIK VERSTAAN, EN DIT IS,
AS EK VERSOEK WORD HET EK NOG NIE GESONDIG NIE.**

**Heb. 4:15** “Want ons het nie ‘n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek was net soos ons, maar sonder sonde”.

As versoeking sonde was dan het Jesus gesondig. Hy was egter versoek net soos enige van ons, maar het nie toegegee aan ie versoeking nie en het dus toe nie gesondig nie.

Die ou mense het altyd gesê: “Jy kan nie help as kraaie oor jou kop vlieg nie, maar jy kan help dat hulle nie in jou hare nes maak nie”.

**<u>GOD VERSOEK GEEN MENS NIE, EN HY SAL OOK NIE TOELAAT DAT ONS BO ONS KRAGTE VERSOEK WORD NIE. 1 Kor. 10:13</u>**

“Geen versoeking het julle aangegryp behalwe ‘n menslike nie, maar God is getrou, wat nie sal toelaatdat julle bo julle kragte versoek word nie; maar Hy sal saam met ie versoeking ook die uitkoms gee, sodat julle dit sal kan verdra”.

**DIE VRAAG: EN AS EK VERSOEK WORD, WAT DAN? WORD BAIE DUIDELIK BEANTWOORD DEUR JAKOBUS IN SY EERSTE HOOFSTUK:**

Kyk mooi na **Jak. 1:2-4:** Dit is dus diudelik dat Jakobus ons wil leer om nie moedeloos te word as versoeking kom nie, maar juis dit as louter vreugde te ag.

**LAAT ONS NOU ‘N STUDIE MAAK VAN JAKOBUS 1:12-15**
Hieruit leer ons die volgende lesse:

1. Daar wag ‘n kroon vir elke oorwinnaar oor versoeking. (v. **12**)
2. God versoek niemand nie (v. **13**)
3. **Verse 14,15**: Versoeking probeer jou wegsleep of weglok. As jy dus nie bereid is om weggesleep of gelok te word nie, het jy nog nie gesondig nie.

   Agan het eers gesondig toe hy toeglaat het dat sy begeerte oorhand oor hom gekry het en hy geneem het wat hy belet was om te doen. **Jos. 7:21**

   <u>Nou verstaan ons **Jak. 1:15** beter wat sê</u>: “Daarna as die begeerlikheid ontvang het, baar dit sonde en as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die dood voort”.

   ANDER TEKSTE OOR VERSOEKING
   Luk. 22:40; Gal. 6:1; 2 Pet. 2:9

# GEES SIEL EN LIGGAAM

**Dit sal goed wees as ons kan weet hoe die mens saamgestel is, sodat ons kan weet hoe die duiwel ons sal aanval.**

Die mens bestaan uit Gees, Siel en Liggaam. Die mens is ‘n gees en het ‘n siel wat in ‘n liggaam woon.

**Liggaam:** Been, vlees en bloed.
**Siel:** Denke, rede (komper deel van die brein)
**Gees** Die mens self – kie innerlike deel van ons as mens!
Dit is waar my gewete is (die alarmstelsel).

<u>Siel en Gees is baie nou verbind aan mekaar.</u>
Die mens bestaan dus uit ‘n geestelike deel (Siel & Gees) en ‘n vleeslike gedeelte (die Liggaam).

Wanneer ons sterf verlaat die geestelike deel die liggaam. Ons lees hiervan in (**Gen. 35:18**) en indien die geestelike en die liggaamlike deel van die mens weer kan verenig, dan lewe die persoon weer op aarde. **Lees met aandag 1 Kon. 17:17-23**

Dit is **asof** daar twee persone in ons is, die een is “Die Bleeslike Mens” en die ander is “Die Geestelike Mens**” Die een wat ons die meeste voed en “oefening” gee is die een wat die ander sal oorheers.**

In **Gal. 5:16-22** Identifiseer Paulus wie die geestelike mens en die vleeslike mens in ons is!

**<u>DIE VLEESLIKE MENS SE SONDES WORD SOOS VOLG INGEDEEL</u>:**

1. **V. 19** “Die werke van die vlees is openbaar, nl. Owerspel, hoerery, onreinheid, ongebonenheid.”

   **Die Nuwe Vertaling stel dit so:**
   “Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid”.

   Ongebondenheid en losbandigheid beteken dat iemand wil hom/haar nie onderwerp aan gesag nie.

2. **V. 20 “Afgodery, Towery”**
Enigiets wat ek tussen my en God laat kom is ‘n afgod.
As ‘n mens afgodery bedryf dan offer jy aan duiwels volgens **1 Kor. 10:19-21**

3. **Gal. 5:20,21 “Vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery”**
(Ooreet & Drink)

Namate hierdie eienskappe in iemand se lewe openbaar word, weet ons dat die **“vleeslike mens”** in beheer is.

**Hierteenoor**: As iemand in die Gees wandel volgens **Gal. 5:6** sal die begeerlikhede van die vlees nie ons oorheers nie. Om in die Gees te wandel beteken dat die Heilige Gees ons lewens geheel en al moet beheer.

**As die “Geestelike Mens” in ons heers sal die eienskappe van die vrug van die Gees duidelik waarneembaar wees in ons lewens, nl. “Maar die vrug va die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, goedheid, getrouheid sagmoedigheid, selfbeheersing”.**

**<u>DIE VRUG VAN DIE GEES IS SOOS ‘N DRUIWETROS</u>:**

Liefde is die stingel wat die korrels aan mekaar hou
Blydskap is liefde wat juig
Vrede is liefde wat rus
Lankmoedigheid is liefde wat verdra
Vriendelikheid is liefde wat dien
Sagmoedigheid is liefde wat oorwin
Goedheid is liefde se karakter
Selfbeheersing is liefde wat regeer
Getrouheid is liefde wat volhard

## HOE KAN EK BEVRY WORD VAN DIE WERKE VAN DIE VLEES?

1. **Deur ‘n wilsbesluit**
Enigiemand wat passief staan teenoor sy/haar toestand kan nie maklik bevry word nie. Dit is duidelike dat ons ‘n menslike deel het wat ons moet doen, sodat ons gereinig sal word.
**2 Kor. 7:1** “Terwyl ons dan hierdie beloftes het, geliefdes, laat ons ons van alle besoedeling van die vlees en die gees reinig, en laat ons die Heiligmaking in die vrees van God volbring”.

**Jak. 4:7** “Onderwerp julle dan aan God, weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug” Indien ons wil hê dat die duiwel moet van ons wegvlug, moet ons deur ‘n wilsbesluit ons aan God onderwerp en die duiwel weerstaan

In **Kol. 3:8** sê Paulus: “Maar nou moet julle ook dit alles aflê, nl. Toorn, woede, boosheid, laster, skandelike taal uit julle mond. Lieg nie vir mekaar nie…”

2. **Deur jou sonde van harte te bely teenoor God en dit te laat staan**
**Spr. 28:13** “Hy wat sy oortredinge bedek, sal nie voorspoedig wees nie, maar hy wat dit bely en laat staan, sal barmhartigheid vind”.

‘n Mens bedek jou sonde deur dit vir ander te verberg of om dit goed te praat. Daar is net een manier om ontslae te raak van my sonde, en dit is: **Ek moet dit bely en laat staan. 1 Joh. 1:9**

3. **Wandel deur die Gees. Gal. 5:16**
Die Lewende Bybel vertaal die teks soos volg: “My raad aan julle is dit: Laat die Heilige Gees toe om alles te beheer wat julle doen. Dan sal julle nooit toegee aan die sondige drange van die menslike geaardheid nie”.

Jesus het gewandel deur die Gees, daarom kon Hy die duiwel oorwin het toe Hy versoek was! Ons lees in **Luk. 4:1** “En Jesus het vol van die Heilige Gees teruggekeer van die Jordaan af, en is deur die Gees in die woestyn gelei, waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is”.

4. **Bedink die dinge daarbo. Kol.3:1,2**
**Rom.12:2 "**Julle moenie aan hierdie sondige wereld gelyk word nie, maar laat God julle denke te vernuwe.Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is" **(nuwe vertaling)**

**LEES OOK: FIL. 4:8: Spr.23:7.** Een van die eerste plekke waar die duiwel aanval is ons denke! Deur ons denke gedurig te vul met God se Woord sal ons vind dat ons die aanval van die duiwel oorwin.

5. **Deur ons mond. Spr.18:21; Ps.141:3; Jak.1:26, 3:2 ; 1 Petrus 3:8,9**

***Baie Christene is bang om teen die duiwel te staan omdat hulle nie seker is watter gesag hulle oor die duiwel het nie!***

- **Jesus het die duiwel ontneem van al sy gesag- Die satan is dus n verslane viand. Matt.28:18; Kol. 2:13,15(Die Lewende Bybel) Fil2:6-10; Joh.16:11**

  Elke genesing en bevryding wat Jesus gedoen het was n nederlaag vir die duiwel. **Matt. 8:16; Matt 12:22-29; Mark. 1:21; Hand. 10:38; 1Joh. 3:8.**

  Die finale oorwinning oor die duiwel was toe Jesus gesterf en ook opgestaan het! Maak n studie van **Erf. 1:19-23**.
  Geen wonder dat die opstanding van Christus die krag was van die eerste kerk.
  **Hand. 2:24,32; Hand. 3:15; Hand. 4:10,33; Hand. 5:30; Hand. 10:40; Hand. 13:30,34; Hand.17:31 (1Kor.15)**

- **Jesus het ons verlos uit die mag van die duisternis (Kolossense 1:13)**

- **Jesus het aan ons mag gegee oor die duiwel.**
  **Luk.10:19** Kyk na die woorde **Mag** en **Krag.** Die duiwel het krag, maar nie mag nie. Hy het net mag wat ons hom toelaat.

<u>Die Here het aan Sy kinders heerskappy gegee. Jy is geen bedelaar nie.</u>
Ek neem jou na **Gen.1:26** “En God het gesê: Laat ons menese maak na ons beeld, na ons gelyknis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voels van die hemel en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip”
In vers **28** sê God: “Onderwerp die aarde en heers”.

**Die Lewende Bybel** stel **vers 26** so: “Toe het God gesê: Kom ons maak mense wat soos ons lyk. Hulle moet dan mag he oor die hele aarde”.
**Amplified Bible**: “Let them have complete authority”.

**Adam was n intellekteule reus.**
Hy het byvoorbeeld name aan al die diere gegee. **Gen. 2:19,20:** “En die Here God het uit die aarde geformeer al die diere van die veld en al die voels van die hemel en hulle na die mens gebring om te sien hoe hy hulle sou noem. En net soos die mens die lewende wesens genoem het, so moes hulle naam wees”.

**Adam was ook ‘n liggaamlike reus.**
Dit het die dood 930 jaar geneem om hom in die graf te kry!
**Adam was n geestelike reus omdat hy met God gewandel het.** As ons met God wandel sal ons kan heers oor sonde.
Gen. 4:7; Rom. 6:11,14

## HOE SAL ONS WEET DAT IEMAND BEVRYDING NODIG HET VAN 'N DEMONIESE GEES?

1. Deur die gawe van onderskeiding van geeste. **1 Kor. 12:10 (Hand. 16:16-18)**

2. Die slagoffer sal heftig weerstand bied teen God se Woord. **Mark. 1:21-27**

3. Die slagoffer sal himself wil vernietig. **Matt. 17:14-16; Mark. 5:5**

4. Die duiwels praat uit hul slaapoffer. **Mark. 5:7-12**

5. Die duiwel kan die Bloed en Naam van Jesus nie verdra nie. Vra die persoon om die naam van Jesus te noem en om die bloed van Cristus te bely. Bv. Sê: "Jesus ek dank U vir U kosbare bloed wat my reinig van al my sonde". As daar n duiwel teenwoordig is sal hy homself manifesteer.

**HOE DRYF ONS DUIWELS UIT?** Die eerste kerk het dit ook gedoen
**Hand. 5:16**
**Hand.16:16-18**
**Hand.19:11-12**

1. **In Jesus se Naam. Mark.16:17(Luk.10:17, Hand.16:18)**
   Maar dan moet ons verbind wees aan Christus, as Sy kind, sodat ons met gesagin Sy Naam die duiwels kan uitdryf.
   Die 7 seuns van Skeva het n duur les geleer. **Hand. 19:13-16.**

   Die belofde van Mark. 16:17 is gekoppel aan n voorwaarde naamlik: **"Vir die wat geglo het, sal hierdie tekens volg".**

2. **Deur God se Woord teen hom te gebruik.**
   Onthou die Woord is soos n sward! **Ef. 6:17** Jesus het die Woord teen die duiwel gebruik **(Matt.4)**

3. **Deur die krag van die Heilige Gees (Matt. 12:28)**
   Moet nooit in jou eie krag probeer nie.

4. **Deur Jesus se bloed en ons getuienis. (Op.12:11)**

## 2 Korinthiërs 10:3-6 (In Die Boodskap)

*“Natuurlik is ons net doodgewone mense, maar ons leef glad nie volgens die reëls van hierdie wêreld nie.*

*Nee, ons in ‘n voltydse oorlog gewikkel om die goeie nuus uit te dra.*

*Maar ons wapens is nie mensgemaakte wapens nie. Gelukkig nie!*

*Ons staan in die Here se diens; daarom kry ons al ons wapens by Hom. Daarmee vernietig ons alles wat in die pad van die goeie nuus staan, selfs die heel sterkste vestings van die vyand.*

*Met hierdie wapens vernietig ons elke vals argument.*

*Elke hooghartige leuen wat die ware kennis van God probeer verdraai, loop ons met God se wapens onderstebo.*

*En elke gedagte wat deur ons koppe gaan, neem ons gevange en lewer dit aan Christus uit. Ons dink slegs wat Hy wil hê.*

*Omdat ons tot die tande toe gewapen is, staan ons gereed om elke stukkie ongehoorsaamheid te straf en daarmee at te reken...”*

***Dank God vir ons wapens...Gebruik dit!!***